

G'N PAK SLAE: WAT NOU?

Lyfstraf kan 'n ouer deesdae in die tronk laat beland. Hoe dissipleneer 'n mens dan vandag 'n kind?

- Huisgenoot
- 23 Nov 2017
- Deur MARELIZE POTGIETER



‘Fisieke straf, maak nie saak hoe lig nie, word nou as kindermishandeling beskou’
‘NPAK slae op sy tyd is soos brood en konfyt, het baie ouers geslagte lank geglo. Maar wees gewaarsku: As jy dit vandag sou waag om jou hand vir jou kind te lig, kan jy agter tralies beland.

Lyfstraf was nog altyd 'n onderwerp van vurige debat, want terwyl sommige ouers meen 'n mens kan kinders net dissipleneer as jy soms met die plathand inlê, glo ander geen ouer het die reg om 'n kind seer te maak nie. En al is dit reeds sedert 1997 ingevolge die Skolewet onwettig vir onderwysers om leerders pak te gee, het elke ouer nog geglo hulle het die reg om hul kind tuis te dissipleneer soos hulle goeddink.

Tot nou. Want ouers wat hul kinders 'n pak slae gee, kan voortaan soos misdadigers op 'n klag van aanranding verhoor word.

In 'n onlangse uitspraak in die hooggeregshof in Johannesburg het regter Raylene Keightley bevind die verweer van redelike “ouerlike tug” – naamlik dat 'n ouer daarop geregtig is om sy kind binne perke te slaan – nie meer in 'n saak van aanranding gebruik kan word nie. Dit

volg nadat 'n pa van aanranding aangekla is omdat hy sy seun geskop en geslaan het toe hy hom betrap waar hy pornografie kyk.

Hy is 'n opgeskorte vonnis van vyf jaar in die streekshof in Johannesburg opgelê, maar het daarteen geappelleer.

Ingevolge dié hooggeregshofuitspraak kan 'n kind of enigiemand wat bewus word van “mishandeling”, wat 'n pak slae deur 'n ouer insluit, dit nou by die polisie aangee, verduidelik Daniela Ellerbeck van Freedom of Religion South Africa (FOR SA). Dié organisasie is as vriend van die hof toegelaat en het die behoud van die verweer gevra. FOR SA glo ouerlike dissipline is 'n belangrike deel van 'n ouer se taak, en 'n duidelike verskil bestaan tussen mishandeling en ouerlike tugtiging uit liefde. Hulle is ook bekommerd die uitspraak kan daartoe lei dat ouers onnodig vervolg word.

“As 'n ouer skuldig bevind word, kan hy tot twee jaar tronkstraf gevonniss of 'n opgeskorte vonnis opgelê word,” sê Daniela. Sake kan ook verwys word na die kindershof, wat die mag het om ouers te dwing om 'n program oor positiewe ouerskapstyl by te woon, sê sy.

“Fisieke straf, maak nie saak hoe lig of goed bedoel dit is nie, word nou as kindermishandeling beskou,” verduidelik Daniela. “Die staat het 'n plig om die ouer te vervolg, behalwe as die staatsaanklaer meen die oortreding was so gering dat dit nie meriete het om die mens te vervolg nie.”

Die uitspraak het dus betrekking op alle vorme van lyfstraf, wat 'n piets op die hand kan insluit, en die staatsaanklaer

kan in elke individuele geval besluit of die aangeklaagde vervolg word.

Ander meen regter Keightley se uitspraak is geskik. Die verweer van “ouerlike tug” wat deur die jare aangevoer is deur ouers wat aangekla is nadat hulle hul kinders met geweld gedissiplineer het, is in stryd met die Grond- en die Kinderwet, sê die Kaapse prokureur en kenner in familiereg Bertus Preller.

“Ek dink in 'n land soos Suid-Afrika waar soveel misdaad en mishandeling plaasvind, is die uitspraak 'n goeie ding,” sê Bertus.

Nogtans maan hy dat iemand wat 'n ouer by die polisie wil aangee baie mooi daarvoor moet nadink. Die kind sal dan teen die ouer moet getuig, en dit kan verdere konflik en trauma veroorsaak.

Noudat alle vorme van lyfstraf verbode is en ouers glad nie meer die plathand mag inlê nie, wonder baie ouers opnuut: Hoe moet ek dan nou my kind dissiplineer as hy nonsens aanjaag of moeilikheid soek?

Ons het by kenners gaan kers opsteek oor die beste alternatiewe maniere om kinders te dissiplineer.

LÊ REËLS NEER OM DIE REGTE GEDRAG TE RIG

Die doel van dissipline is om op te voed en nie te straf nie, sê Anne-Marie Wentzel, 'n opvoedkundige sielkundige van Bloubergstrand.

Sy stel voor ouers lê duidelike reëls neer wat die kind sekere waardes leer. Dié reëls moet gebruik word om aan kinders te verduidelik waarom hul optrede verkeerd is.

Soos 'n reël dat jy nie in jou ma of pa se handsak of beursie mag krap nie. “As hulle dit wil doen, verduidelik vir hulle dit behoort aan jou en 'n mens krap nie in ander se besittings nie.

Die langtermynuitkoms is dat jy die kind leer hulle moet ander se privaatheid respekteer.”

Almal wat by die kind se grootmaakproses betrokke is – jou man, oupas en oumas of die oppasser – moet ooreenkom oor sekere reëls, sê Anel Annandale, 'n opvoedkundige sielkundige van Kaapstad.

“Hou die reëls eenvoudig en bespreek dit gereeld met jou kind.”

IGNOREER DIE KIND AS HY ONREDELIK OPTREE

“Dit help nie om 'n kind in die middel van hul woedeuitbarsting te probeer dissiplineer nie,” sê Henriëtte Joubert-Pienaar, 'n opvoedkundige sielkundige van Pretoria.

“As die kind negatiewe gedrag openbaar wat jy nie weer wil sien nie, moet jy dit ignoreer. Maak seker die kind of enigiemand anders is nie in gevaar nie. Ek sê dikwels vir ouers: ‘Draai om en gaan skil daai aartappel. Al is hy later piepklein geskil, stap weg as die kind onredelik optree of ’n woedeuitbarsting kry.’ ”

’n Jong kind verstaan nie noodwendig die konsep van mooipraat nie; daarom moet jy aan hulle verduidelik hulle kan na jou toe kom wanneer hulle rustig met jou kan praat. “Wanneer hulle dan na jou toe kom, moet jy alles los en fisiek tot op hul vlak daal. Al gaan sit jy plat op die kombuisvloer.

“Praat met hulle oor wat pas gebeur het. Sê byvoorbeeld: ‘Sjoe, jy was darem nou baie kwaad toe jy die televisie moes afsit om te gaan bad.’ Hou dit kort en bondig. Sê vir die kind jy kan sien hulle was kwaad, maar dat julle saam ’n plan moet maak wat hulle kan laat beter voel.” Sy verduidelik dis heeltemal normaal vir kinders om aggressie te ervaar, en hulle moet op ’n manier daarvan ontslae raak. “Jy Jy kan byvoorbeeld vir die kind sê as hulle wil skree, kan hulle skree, maar hulle moet eerder in die kussing in skree omdat die kussing nie ore het nie.”

BELOON POSITIEWE GEDRAG

Die brein hou daarvan om beloon te word, verduidelik Henriëtte.

“Die kind gaan weer so optree om die beloning te ontvang. Dit hoef nie elke keer ’n reusegeskenk te wees nie en kan selfs iets soos ’n high five of ’n knipoog van die ma wees.” Raak kreatief wanneer jy ’n beloningstelsel uitwerk, is haar raad. “Jy kan sterretjies plak vir goeie gedrag en dan die kind beloon wanneer hy ’n sekere getal sterretjies het.”

Andalene Salvesen, die stigter van Munchkins, ’n organisasie wat ouerbystandskursusse doen en skrywer van Raising Happy, Healthy Children, sê jy kan ook twee afsonderlike flessies gebruik, een vir belonings en een vir gevolge. Plak op die een ’n glimlag en op die ander ’n frons.

“Vul dit met iets interessants soos klippies, boontjies of pompons. Maak albei halfpad vol. Wanneer die kind iets goeds doen, haal iets uit die fles met die frons en sit dit in die fles met die glimlag.

“Doen ook die teenoorgestelde. Wanneer die fles met die frons vol is, kry die kind een van die gevolge.

“Sodra die glimlagfles vol is, word die kind beloon.”

Sy sê ’n goeie gevolg as die kind ouer as vier is, is om iets waarop hulle versot is, soos boublokkies, weg te neem.

’n Beloning moet nooit ’n geskenk of iets te ete wees nie. “Beloon jou kind met ervarings soos ’n borrelbad in sy swemklere saam met mamma of ’n klein avontuur soos om hulle byvoorbeeld toe te laat om in die motor te bly wanneer dit deur die karwas beweeg.”

‘Dit help nie om ’n kind in die middel van hul woedeuitbarsting te probeer dissiplineer nie’ (Van vorige bladsy) Ouers kla dikwels die kind luister nie, al vra hulle iets honderde kere, sê Anel.

“Kinders skakel af wanneer hulle iets as ’n geneul of ongegronde beloftes ervaar.

Gee ’n opdrag een keer in ’n duidelike, outoritêre stem. As die kind nie in die verwagte tyd reageer nie, kan jy na hulle toe gaan, hulle in die oë kyk en sê: ‘Dit is die tweede keer dat ek jou vra. As ek jou nog een keer moet vra, moet jy in die hoek gaan sit of jy mag nie meer op die iPad speel nie.’ ”

As jou kind steeds nie reageer nie, moet jy hulle straf soos jy beloop het, sê Anel.

Wees konsekwent wanneer jy die afkoelhoekie gebruik, sê Andalene. En moet nooit jou kind “stout” noem nie, want dan gee jy hulle ’n etiket en sal hulle daarvolgens optree. Dis ook beter om die afkoelplek nie die “stouthoekie” te noem nie.

Sy gee die volgende wenke:

Moenie die kind se kamer as ’n afkoelplek gebruik nie, maar eerder ’n vervelige plek soos die badkamer of spaarkamer.

Moenie dreig met “Wil jy na die afkoelhoekie toe gaan?” nie.

Moenie die kind toelaat om te staan, stap, speel of iets anders te doen as om op die aangewese plek te sit nie.

Moenie die kind uit die afkoelplek laat gaan voor die tyd verby is nie. Die tyd wat die kind daar moet bly, is gelyk aan hul ouderdom. Drie minute vir driejariges, vier minute vir vierjariges, ensovoorts. Los die kind in die afkoelplek en moenie gaan inloer nie. Wanneer die tyd verby is, kan jy na hulle toe gaan en vir hulle sê hulle mag uitkom op vier voorwaardes: Hulle moet doen wat jy sê; 'n goeie houding hê; dit op hul eie doen; en dit vinnig doen. As hulle nie aan dié voorwaardes voldoen nie, begin die afkoeltyd weer.